

11 November

**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:5; Heidelbergse Kategismus Sondag 17**

### **Die nut van die opstanding**

*“Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings saam met Christus lewend gemaak.”*

Daar is in ons Skrifgedeelte een woordjie wat tussen hemel en hel staan, en dit is die Goddelike “maar” in vers 4. Inderdaad vorm hierdie woordjie ook die skarnier vir die twee dele van ons Skrifgedeelte; vers 1-3 (die mens voor bekering) en vers 4-10 (die mens ná bekering). Voor ons bekering, sê Paulus, het die leier van die onsigbare magte, die duivel, beheer oor ons lewe. Dit is ’n sondige lewe wat op die straf van God en die ewige oordeel van die hel afstuur (vs. 3). Maar, ná ons bekering, lewe ons saam met die Here Jesus Christus, en gee God vir ons (saam met Hom) ’n plek in die hemel (vs. 6).

Elke mens op aarde het die Goddelike “maar” van vers 4 nodig. Daarsonder is ons dood (letterlik: “lyke”). Ook vandag leef ons in ’n wêreld vol geestelik dooies wat in verskillende stadiums van geestelike ontbinding verkeer. Ons roeping is om God se “redding uit genade” aan hierdie mense te verkondig (vs. 5, 6). Die “ryk barmhartigheid” en “innige liefde” van God waardeur Hy mense vergewe en uit hulle sondedood laat opstaan, is in Jesus Christus beskikbaar – vir alle mense.

Ons verkondig dit die beste met ons eie voorbeeld. Ons moenie langer soos geestelike lyke lewe wat deur die swepe van sondige begeertes (vs. 3) na die ewige oordeel aangejaag word nie. Lewe soos hemelburgers, wat uit genade saam met Jesus (tussen die lyke uit en uit die sondedood uit) opgestaan het en wat Hom navolg. Wy jou ook vandag weer uit dankbaarheid vir hierdie verlossing aan die goeie dade waarvoor Jesus jou hier op aarde bestem het (vs. 10).

*Sing: Psalm 24-2:5, 6, 7 (melodie Ps. 100-1)*

*Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)*